**20 April**
**Skrifgedeelte: Josua 5:1-6**
**Fokusgedeelte: Josua 5:13-15**

## ‘n Gesogte leier

Sou ons nie vandag graag so ‘n leier wou hê nie? Hier is ‘n man wat sy man kan staan. Sou ons nie ook vandag die resep van geestelike oorlogvoering wou ken nie? Hier waar ons as verbondsvolk almal op die drumpel van die Beloofde Land staan, is al die vyande nog nie oorwin nie. Daar lê nog ‘n stryd voor teen die goddelose magte van hierdie wêreld.

Josua bevind hom in dieselfde situasie. Jerigo moet ingeneem word, maar hoe gemaak? Skielik is daar by Josua ‘n onbekende Man met ‘n swaard in die hand. Sy voorkoms is vreesaanjaend en skrikwekkend! Hy lyk nie soos ‘n Kanaäniet nie en ook nie soos ‘n Israeliet nie. Die Man stel Hom voor as die Leërowerste van die Here. Hy kan ook nie ‘n engel wees nie, selfs nie die engel Migael nie, want hierdie Man laat toe dat Josua aan sy voete neerval. Hy beveel Josua ook om sy skoene uit te trek. ‘n Engel kon dit dus nie wees nie (vergelyk Op 22:8,9).

Om die identiteit van die Man vas te stel, moet ons die volgende gedeeltes nagaan: Jesaja 63:1-6, Openbaring 1:12-18 en Openbaring 19:11;22. Daar vind ons beskrywings van die Een wat God se oordeel oor ‘n opstandige wêreld voltrek, die Leier wat voorgaan in die geestelike oorlog.

In Josua 5 verduidelik die Man die strategie vir die aanval (vergelyk Jos 6:1-6), maar Hy kom inspekteer ook sy Israelitiese leërafdeling. Hy vind dat die leërmag hulle sakramenteel voorberei. Ja, die besnydenis en die pasga neem weer die vereiste prominente plek in hulle lewens in. Dit is om hierdie rede dat die Israeliete reg was om die Leërowerste te ontvang.

Neem die sakramente in ons lewe so ‘n plek in dat ons reg is om die Leërowerste te ontvang? Of het ons al begin om ons doopbeloftes te verwaarloos? Stel ons die nagmaal maklik af ter wille van familiebyeenkomste?

*Ds G Opperman (Sannieshof)*